# *UIT DIE PEN VAN DIE CEO (7/11)*

*Justin Chadwick (25 Februarie 2011)*

GESEGDE VAN DIE WEEK "*What we think, or what we know, or what we believe is, in the end, of little consequence. The only consequence is what we do." John Ruskin*

## DIE 2011 SEISOEN HET BEGIN!

In Patensie verlede week het ons verneem dat die eerste Satsumas vanaf Suid-Afrika vir 2011 op pad na die VK is. Volgens die produsente in daardie streek is dit die vroegste ooit, waarvan hul kan onthou, wat ons nog uitgevoer het – week 8 en die seisoen het begin. Verwag dus groot dinge vanaf Patensie in die toekoms – alhoewel die streek 'n droogte ondervind het en water beperkings gehad het is daar bewyse van aansienlike aanplantings van nawels in die vallei. Soos jy ry van Patensie na die Baviaanskloof kan jong boorde aan beide kante van die pad gesien word. Ons aankoms het ook saamgeval met die rivier wat in vloed was na hewige reëns in die opvangsgebied in die Karoo. Alhoewel dit egter nie veel bygedra het tot die vlakke van die hoof besproeiingsdam nie (die dam se water kom van 'n ander opvangsgebied), is daar voorspellings vir reën in die komende weke.

## LETSITELE SITRUS SPOOR WERKSWINKEL

Spoorontwikkelings word gereken as 'n strategiese belangrikheid vir die groter Limpopo se sitrus produserende gebied gegewe die beperkings van padvervoer om 'n diens te lewer aan die gebied tydens die piek van die seisoen asook die verhoogde koste van padvervoer. Die vervoer van sitrus per spoor word egter deur baie uitdagings in die gesig gestaar, maar hierdie uitdagings kan oorkom word as lede van die bedryf pogings kombineer sodat spoorvervoer 'n volhoubare oplossing vir die gebied kan word.

***Wie moet dit bywoon?*** Sitrusprodusente en pakhuisbestuurders van die groter Tzaneen en Letsitele area, sitrusuitvoerders en logistieke agente, spoor operateurs, houer-maatskappye, operateurs van Durban se koelkamers, Limpopo Departement van Paaie en Vervoer, Limpopo se Handel en Nywerheid, Limpopo se Departement van Landbou en enige ander persoon wat 'n belang in sitrus per spoor het.

**Datum:** 10 Maart, **Tyd:** 10:30vm, **Plek:** The Junction, Letsitele. **RSVP:** Leone Vorster teen 8 Maart. Vir meer inligting kontak vir Mitchell Brooke van die CGA.

## SITRUS KULTIVAR BESTUURSMAATSKAPPY

Oor die afgelope paar jare het produsente die CGA versoek om by die verkryging en bestuur van sitrus-kultivars betrokke te raak. Dit was 'n aspek wat herhaaldelik by vorige roadshows bespreek is en ook in diepte tydens beide CRI en CGA se Raadsvergaderings bespreek is. 'n Besluit is geneem om 'n CGA maatskappy te vorm vir die verkryging en bestuur van sitrus-kultivars. 'n Advertensie vir 'n geskikte, bevoegde persoon vir hierdie uitdagende pos as Algemene Bestuurder van die maatskappy is gesirkuleer. Die CGA het nie ligtelik besluit om hierdie onderneming aan te pak nie en dit was gerusstellend dat alle produsente vergaderings in die Oos-Kaap dit 'n oortuigende "ja" gegee het. Kontak my asseblief by justchad@iafrica.com sou jy belangstel in die advertensie.

## PRODUSENTE ROADSHOWS EN PAKHUIS WERKSWINKELS

Hierdie week waag my span dit na die verste grense na die warm gasvryheid, warm weer en ingeligte gespreksvoering van die Oos-Kaapse groeiende sitrusbroederskap. Alle vergaderings is goed bygewoon en het bevestig dat CGA aan die meeste van die dringende sake van die produsente aandag gee. Paul Hardman was Noord met sy span en het vir die eerste maal die magtige Limpoporivier oorgesteek om die Zimbabwiese produsente te besoek – 'n besoek wat baie waardeer is. Onder word die oorblywende vergaderings gelys en die besonderhede, agendas kan by www.cga.co.za gevind word. NEEM ASSEBLIEF KENNIS DAT DIE DATUM VIR DIE WES-KAAP SE VERGADERING VERANDER HET**.**

**Paul Hardman se Groep**: **8/3 Wes-Kaap** – 14:30: GHS Saal.

**Justin Chadwick se Groep: 28/2 Nkwalini** – 10:00: Farmers Hall; **1/3 Pongola** – 09:00: Mvutshini Estates; **1/3 Swaziland** – 14:00: United Plantations Tambuti; **2/3 Onderberg** – 14:00: MSK; **3/3 Nelspruit** – 10:00 CRI; **10/3 Suidelike KZN** – 14:00: Victoria Klub.

**PRODUSENTE SE HEFFINGS WORD GEBRUIK OM CGA, CRI EN CITRUS ACADEMY SE AKTIWITEITE TE BEFONDS. VERSEKER SO 'n GLOBALE KOMPETERENDE SUIDER-AFRIKAANSE SITRUSBEDRYF**